

# Staat mik na Augustus met inspeksiedienste

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het op 6 Desember 2022 in 'n skrywe aan belanghebbendes in die graan-, oliesaad- en graanproduktesektor verduidelik hoe hy te werk sal gaan om inspeksiedienste teen Augustus 2023 toe te pas. Die skrywe word met gemengde gevoelens begroet. Die datum is in dié stadium 'n teiken en nie 'n streng toepassingsdatum nie.

## AGTERGROND

Die Wet op Landbouproduk-standaarde (Wet 119 van 1990) maak voorsiening dat die departement beheer kan uitoefen oor die verkoop en uitvoer van sekere landbouprodukte, asook beheer oor die verkoop van sekere ingevoerde produkte.

Ingevolge die wet word vereis dat grane, oliesade en graanprodukte wat in Suid-Afrika verkoop word, geïnspekteer moet word. Leaf Service is dienooreenkomstig die vereistes van die wet as gevolmagtigde aangestel om namens die departement die inspeksies uit te voer.

## WAT SÊ DIE WET OOR DIE AANWYSING VAN UITVOERENDE BEAMPTES EN GEVOLMAGTIGDES?

Die minister sal 'n amptenaar in diens van die department aanwys om as uitvoerende beampte op te tree. Die amptenaar sal onderworpe wees aan die beheer en opdragte van die minister. Die minister kan vir die doeleindes om die wet toe te pas enigiemand met besondere kennis ten opsigte van die produkte as gevolmagtigde aanstel.

## WAT SÊ DIE WET OOR DIE MINISTER SE BEHEER OOR DIE VERKOOP VAN PRODUKTE?

Die minister kan die verkoop van 'n produk verbied indien die produk nie volgens die voorgeskrewe klas (soos broodkoring) of graad (supergraad, graad 1, 2 of 3) verkoop word nie. Die produk moet aan die voorgeskrewe gehaltestandaarde van die klas of graad voldoen. Byvoorbeeld, die maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m) vir sifsels in broodkoring en vir alle grade broodkoring mag nie 3% oorskry nie.

## WAT SÊ DIE WET OOR INSPEKSIE, GRADERING EN MONSTERNEMING VIR GEHALTEBEHEER?

Die uitvoerende beampte of die gevolmagtigde kan gedurende besigheidsure van die betrokke bedryf te eniger tyd enige perseel binnegaan waarin enige produk op redelike gronde vermoedelik geproduseer of verwerk, geklassifiseer, gegradeer, gehou, vervoer of verkoop word. Enige houer kan oopgemaak word indien op redelike gronde geglo word dat die houer enige materiaal bevat waarop die wet van toepassing is.

Die gevolmagtigde mag enige hoeveelheid van die produk klassifiseer en gradeer in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes. Hy kan enige hoeveelheid van 'n produk soos koring inspekteer, toets of laat toets. Hy kan ook enige hoeveelheid van 'n produk wat gebruik word in verband met die produksie, verwerking, klassifikasie, gradering, vervoer of verkoop van byvoorbeeld koring inspekteer of laat toets.

Monsters van 'n produk moet in die teenwoordigheid van die persoon in beheer van die perseel, die eienaar of opberger geneem word. Indien die persoon nie beskikbaar is nie, moet dit in die teenwoordigheid van enige ander getuie geneem word. 'n Kwitansie van monsterneming ten opsigte van elke monster wat geneem is, word op versoek aan die persoon in beheer, eienaar van die produk of bewaarder van die produk uitgereik.

Die monster moet indien nodig verpak en geïdentifiseer word. Die monster moet so gou moontlik nadat dit geneem is, voorgelê word aan 'n persoon, instellings of laboratorium wat bevoeg is om die monster te toets, te inspekteer of te ontleed.

## MAG DIE UITVOERENDE BEAMPTE OF GEVOLMAGTIGDE OP GROND VAN 'N LASBRIEF 'N PERSEEL BETREE?

Indien dit nodig sou wees dat die uitvoerende beampte of gevolmagtigde vir ander doeleindes as hierbo omskryf 'n perseel moet betree, kan dit gedoen word op gesag van 'n lasbrief deur 'n landdros. Dit sal byvoorbeeld nodig wees wanneer beslag gelê moet word op enige produk, boek of dokument.

## MAG DIE UITVOERENDE BEAMPTE OF GEVOLMAGTIGDE BESLAG LÊ OP PRODUK?

Die uitvoerende beampte of gevolmagtigde kan in geheel of gedeeltelik beslag lê op 'n produk of enige dokument indien dit op redelike gronde vermoed word dat die produk in die pleeg van 'n misdryf kragtens die wet gebruik is of gebruik gaan word.

## TEN SLOTTE

As die departement en die gevolmagtigde voldoende konsultasies in Maart hou, in April sy voorstelle publiseer vir kommentaar om in Mei kommentaar terug te ontvang en in Junie die kommentaar bywerk, behoort Augustus nie 'n onrealistiese teikendatum te wees nie. Die departement moet egter by die tydlyn hou en nie versuim om die konsultasies of die tydperke vir openbare kommentaar te handhaaf nie.

Die departement bevestig dat tariewe op 'n koste-verhalingsgrondslag gedoen moet word en dat 'n onafhanklike studie die grondslag van die frekwensie van inspeksies sal bepaal.

Die departement voorsien 'n PAJA-konsultasieproses en konsultasie vooraf met al die betrokke partye.

Die konsultasies sal oor 'n tydperk van ses maande van Maart tot Augustus plaasvind.

Die finale tariewe sal eers in werking tree nadat ooreenstemming met belanghebbendes bereik is. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain, me. Annelize Crosby is hoof van regsintelligensie by Agbiz en mnr. Theo Boshoff is uitvoerende hoof van Agbiz.*